# Die Algemene Armesorg, Ned. Geref. Kerk, K.P.

*Voorsitter van die Kommissie:*
*Ds. D. P. van Huijssteen,*
*Montagu.*

*Sekretaris:*
*Ds. A. D. Lückhoff,*
*Stellenbosch.*

*Stellenbosch,* 22 Mei 1930 *19*

Ds.J.J.Wasserfall, Comodoro Rivadavia,
Chubut,Argentina.

Liewe Broeder,

Ek mik al lang om te skryf maar kon nie eerder my draai kry nie en die pos met die laaste boot het ek ongelukkig gemis.Oormore kom die Buenos Aires Maru hier aan op pad na S. Amerika en die slag moet ek nie agter wees nie. Sinds my tuiskom 1.1. September uit Europa en die State,het ek dit maar net hotagter gehad;dit was swaar om al die opgehoopte werk weer agter die rug te kry en ek het die nagmerrie gehad van 'n rapport oor my besoek na Amerika wat ek skuldwas; aan die Carnegie Corporasie,en daardie saak het my ook maar lelik opgekyl.Nou ja,wat help kla! As 'n mens gesond is en daarby soveel geluk en seen en voorregte gehad het moet hy glad nie kla nie maar vrolik en opgeruimd wees.

Een ding egter,wat ek u kan verseker is dat ek die gemeente Chubut,u en familie,die twee onderwysers Loubser en de Villiers,maar gedurig in die gedagte het en in die gees sweef ek maar baie dikwels onder julle rond.Wat sal ek tog gee om net een korte maand weer onder die mense daar deur te bring!

Ek was baie bly om u laaste brief van 22 Febr.te kry,en baie dankie! Hoe vinnig vlieg die liewe tyd tog verby! Daar is so veel in u brief om oor bly en dankbaar te wees maar dan weer so baie om oor te treur en onrustig te wees. Toe ek in die State verlede jaar was,het die boere gebuk gegaan onder 'n sware depressie en daardie depressie skyn nou in die beskaafde lande vry algemeen te wees.Ons weet daar alles van in Suid Afrika.Tye is sleg:die droogte is wel gebreek maar daar is g'n mark vir wol,vee en produkte nie.Die graanboere kon g'n bestaanbare prys vir hul graan kry nie.Velle is sonder prys en slagvee net so.Die vrugteboere het ook maar 'n baie slegte jaar gehad.Geld is skaars en almal hou net vas.Waarlik ons beleef harde tye en die toekoms is donker. In Suid Wes heers die droogte kwaai en dit gaan maar nie alte beste met die Angola trekkers nie. Dan is daar nog die treurige kerktwis wat nou sy rol meespeel en die hande ook deels slap maak.Ons merk dit in die kollektes en ons Armesorg kas begin ook al te ly.Die Sending tekort gee ook besorgdheid.Maar wat sal ek nou oor al ons nood uitwy! Ek doen dit maar net om u 'n biekie te troos,hoor!

Ek kan my voorstel hoe swaar die depressie onder die boere in Chubut moet druk aangesien hulle net op die wol moet staat maak. En daardie beweging wat u oor skry-die spontane trekgees! Wat sal daarvan word? Ek kan nie agter kom wat ons Regering se planne is nie,maar ek verwag nie veel nie.Ds.Hurter het briewe en petiesies glo,ontvang en met die Ministers van Lande en die Eerste Minister onderhandel maar ek verstaan die moeilikheid is die oorbring van die mense van S.Amerika na Afrika,en nou is daar mos 'n Immigrasie Wet met kwotas ens.onlangs deur ons Parlement aangeneem. Dit lyk my die hele beweging gaan niks van kom nie;dit sal seker 'n baie slegte uitwerking he by die Regering in Argentina.Dit is daaom baie jammer dat die beweging nie behoorlik op tou gesit was nie.Alvorens daar van so iets sprake was in publiek,moes daar konfidensiele onderhandelinge vooraf met ons Regering gewees het,en aktief moes die Afrikaners nie opgetree het nie met hul petiesies ens.voor hulle definitief verseker was dat die Unie Regering simpatiek gesind is. Ek sal baie bly wees om besonderhede van u te hoor hoe ver men nou gevorder is en hoe sake staan. Ons Kommissie was teleurgestel dat die mense in hul onderhandelinge met die Unie Regering die Kommissie verby gegaan het en met Ds.Hurter onderhandel het.Dit was seker nie die regte weg om te volg nie.Die gevolg is dat ons Kommissie niks offisieels weet nie en derhalwe nie in 'n posiesie was om hier oor die saak met die Regering te onderhandel nie.Ek reflekteer galdnie op u nie,verstaan my wel, maar die op leiers van die trekbeweging.Dis baie jammer,maar die hele affaire is sleg en onhandig aangevoor,en also 'n anders goeie saak in sy begin bederwe.

Die Algemene Armesorg, Ned. Geref. Kerk, K.P.

Voorsitter van die Kommissie:
Ds. D. P. van Huijssteen,
Montagu.

Sekretaris:
Ds. A. D. Lückhoff,
Stellenbosch.

Stellenbosch, ________ 19____

Maar voor ek verder skryf,wil ek eers besigheidssake afhandel. Dit is my nou duidelik dat die Armesorg in 1929 drie paaimente re gemeentelike toelaag gestuur het,pleks van twee.Toe ek in Oktober die bedrag van £278-10 gestuur het wis ek nie dat Ds.van Huyssteen reeds toelaag vir die ½ jaar,Julie--Desember, vereffen het nie deur aan u £60-16-7 te stuur en verder die balans hier vir verskillende sake uit te betaal;ek was onder die indruk dat hy net die uitbetalinge hier vir u gedoen het. Ek moes derhalwe nie die £125 by gevoeg het nie. Nou blyk dit dat wat ons toelaag vir die gemeente reeds uitbetaal is tot Junie 30 1930.Wat ek dan vir ~~xxxxxx~~ u aanstuur moet es net die £100,ons toelaag vir onderwys.Nou egter het ons vir u hier die volgende uitbetalinge gedoen sinds my terugkoms.

| | | |
|---|---|---|
| 23/10/29, | S.A.Mutual | £22-10-2 |
| ,, | Saakgelastigde,P.W.fonds | 5- |
| 3/3/30 | Almanak Komm. | 3-15- |
| 2/5/30 | S.A.Mutual, | 9-18- |
| | | 41-12-2 |

As ek hierdie bedrag nou aftrek van die £100,Opvoedingstoelaag,dan bly daar oor £58-7-10. Ek stuur u 'n wissel vir hierdie bedrag en hoop dit is in orde. Laat my tog van u hoor of dit in orde is en of ek nie dalk 'n fout maak nie en te min geld aanstuur nie.

Ek hoop van harte dat die A.C.V.V.en die Helpmekaar op julle oproep 'n bydrae aangestuur het afskoon ek nog niks gehoor het nie. Maar u moet my maar openhartig skryf as u meen ons Kommissie behoor meer hulp te stuur aangesien die gemeente nou sulke moeilike tye deurgaan dan sal ek die saak voor ons volgende vergadering voorbring--Septtember.Ek kwel my daaroor dat julle moet worstel om hoof bo water te hou.

Ons is so bly en dankbaar dat die onderwys vorder en dat die twee onderwysers nog steeds goeie werk doen.Ek meen dat die skikking dat een op S.Victoria is en die ander Brakpan kostelik is,net jammer dat de V so ver van sy skool moet inwoon.Aan die ander kant sal hy gelukkiger wees by die Stegmans as by andere.Dis daarom maar 'n harde saak om C. N.skole aan die gang te hou sonder hulp van die Staat;ek weet wat dit beteken het toe ons mense dit vir enige jare moes doen in Rhodesia.Dis ook bemoedigend om te hoor dat die ouers almeer wil saamwerk en opoff vir die saak.

Oor die du Plessis saak het ek nie lus om veel te skryf nie -ek is 'n du P. man en ek treur oor die loop van sake met die laaste Sinode. Soos u weet gaan die saak nou na die geregshof maar dit sal eers soos ek verstaan in Augustus maand voorkom. Wel as gelowiges,moet ons maar moed hou en nie mismoedig word nie.Die Heer is magtig ook uit hierdie kwaad vir ons Kerk 'n groot goed te laat gebore word.

Ons gaan die Pinkstertyd te gemoed en ek hoop van harte dat dit 'n geseende tyd vir u gemeente sal wees en dat die Here u wil sterk en vol geloof,moed,blydskap en krag maak.Daar is een teks wat my in die laaste tyd so dierbaar is.Joh.16-22: En gy hebt nu wel droefheid.... ....... en niemand sal u blydskap van u wegnemen.

Ek hoop dat dit met u familie nog steeds goed gaan.O ja,en amper vergeet ek! daardie mooi portret van u het veilig aangekom,baie dank dis waarlik 'n eersteklas portret hoor,en dit het 'n ereplek in my studeerkamer.

Die winter is op hande hoewel ons nog maar weinig reen in die W.P gehad het en die boere begin al onrustig word.Mag dit 'n genadige winter by julle wees en mag julle 'n goeie winter he!

Met baie vriendelike groete van huis tot huis en Gods rykste seen toegewens, opreg en toegenee,

P.S. Ek kry nou nagedagte dat ds Viljoen my haas geskryf het - sê die reiskoste terug na SA as hulle eendag terugkeer. Ek het hulle belowe dat die reiskoste sal betaal word - watter raad gee u? Sal ons Kom. versoek word om 'n deel te betaal of dalk alles? Ek sou voorstel dat ons A.A. die deel betaal [illegible] A. Armesorg v. Kerk.